



# Maak spaar 'n doelwit

Ons hoor gereeld ons moet genoeg spaar volgens 'n spesifieke plan, maar hoe, waar en wanneer is die beste? Hier volg raad oor hoe om jou risiko's te versprei, asook algemene beginsels vir die samestelling van jou fondse.

**V**andeesweek kyk ons na spaar, of dan beleggings. Jy moet spaar as jy welvaart wil skep. Die vraag is: Waar en hoe? Die beleggingsveld bied baie geleenthede, maar nie almal is ewe goed nie.

Die een kan vandag vir jou 'n rekordoes gee en môre kan jy alles verloor. Sulke goed is wat my betref nie beleggings nie, dit is dubbel.

Die eerste oorweging as jy wil spaar, is risiko. Jy kan miljoene wen met dubbel, maar jy kan ook jou lewe lank geld verwee en alles verloor. Die risiko is te hoog vir 'n sinvolle beleggingsplan. Daarteenoor kan jy jou geld onder jou bed bêre, maar inflasie sal dit daar wegvreet (as dit nie gesteel word nie).

Jy het 'n balans nodig tussen risiko en veiligheid. Ek hou van die geleenthede wat effektrustfondse, of dan kollektiewe beleggingskemas, bied. Dit laat jou toe om in die verskillende bateklasse te belê, en jy kry op die koop toe die beleggingskundigheid van die groot batebestuurders.

Jou gemoedsrus lê daarin dat jy weet die fonds kan nooit insolvent raak nie. Dit kan slegs gelikwideer word as daar moeilikheid is en dan moet die geld aan die eenheidhouders uitgekeer word. Daar is nie skuldeisers wat dit moet deel nie. Die skemas word ook geadministreer deur trustees onder die gesag van die gedragsowerheid vir die finansiële sektor (FSCA).

Maar hoe kies 'n mens uit meer as sowat duisend effektrustfondse?

## TYD IN DIE MARK

Vergeet van die mark probeer "speel". "Dit is nou 'n goeie tyd om te belê", of "dit is nie nou 'n goeie tyd nie", is onsin. Jy gaan jou vingers verbrand, glo my. Jy kan dit soms gelukkig tref, maar geluk is nie 'n faktor om in berekening te bring nie – dít doen jy as jy dubbel.

Wat belangrik is, is die tyd in die mark en nie die tydsberekening daarvan nie.

Vra jouself af hoeveel tyd jy het. Hoe meer tyd jy het, hoe beter kan jy verwag om te doen en hoe groter sal jou blootstelling wees aan groeibates, soos aandele en eiendom. Hierdie bateklasse kan op kort termyn soms lekker wipplank ry, soos ons die afgelope paar jaar gesien het. Maar dit kan ook uitstekende groei bied, soos ons die afgelope paar jaar gesien het.

Die grootste groei in die mark (sowat 60%) vind plaas binne die eerste 20% van 'n bulmark (histories gesien). Dit is juis in hierdie tyd dat mense om emosionele redes, of vrees weens 'n mark wat gedaal het, nie eintlik wil belê nie. As jy nie daar is nie, het jy dit misgeloop. Dit is die punt.

## VERSPREI JOU RISIKO

Ons praat hier van diversifikasie. Wat is dit? Diversifikasie gaan oor die bestuur van wisselvalligheid in die onderskeie bates, bateklasse en ook ekonomieë. Anders gestel, jy probeer die risiko van jou portefeulje beperk sonder om jou beleggingsopbrengs en -potensiaal prys te gee. Jy kies dus jou onderliggende

fondse só dat hulle nie almal terselfdertyd in dieselfde rigting beweeg nie. Onthou altyd dat markte beweeg.

## SAMESTELLING VAN FONDS

Daar is nie een plan vir almal nie. Vergeet dit. Almal se behoeftes verskil. Hier is egter 'n paar oorwegings:

- As jy tyd aan jou kant het, belê groot in aandele en eiendomsaandele. Jongermense behoort nie te veel geld in effekte en kontant te hou nie, want dit is medium- en korttermynbateklasse.
- Ouer mense wat kapitaal wil beskerm, kan hul aandeelblootstelling verminder om die kapitaal teen markskommeling te beskerm. Maak egter ook seker jy het groeibates om voordeel te kan trek uit die groeipotensiaal om sodoende jou kapitaal teen inflasie te beskerm.
- 'n Langtermynspaarplan kyk na vyf jaar en langer, en dan is beleggings in aandele die beste. In gevalle korter as dit, belê eerder in effekte en selfs kontant, veral as die termyn nie veel langer as ses maande is nie. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy.*

➤ NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); 021 461 2067.